Deel 6 "Goehartigheid is om goed aan ander te doen!"

Gal 5:22,23 **Ma.14 Sep 2020**

Lees **Luk 10:29-37** Handel oor die barmhartige Samaritaan
Hand 9:36-43 Handel oor die gelowige Dorkas wat altyd besig was om goed te doen.

Sing **Psalm 36-1:2** "U goedheid Heer is hemelhoog…"

Gal 5:22,23 "Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, **goedhartigheid**, getrouheid,nederigheid en selfbeheersing."

Mense se persoonlikhede verskil geweldig baie. Sommige mense is vriendelik en opreg en goed en 'n mens wil graag met hulle vriende wees of jouself met hulle omring. Maar jy kry ook swaarmoedige mense, wat altyd swaarkry, die negatiewe raaksien, partykeer vermy 'n mens hulle eerder. Jy wil liewer in die geselskap van 'n vriendelike en goeie mens wees, wat die dag opvrolik en vreugde en vrede bring.

Goedhartigheid. Die betekenis is presies wat die woord in die '93 vertaling is, om goed van hart te wees. Hierdie eienskap word aan baie mense gegee, nie net aan christene nie. God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape. Dit beteken nie dat ons soos God lyk, sy ewebeeld fisies nie, maar dit beteken dat ons verstaan wat is goed en reg en wat is verkeerd.

In ons twee voorglese gedeeltes hoor ons van twee mense wat **goedhartig** was.

Die barmhartige Samaritaan, Luk 10:39-37, :is op pad vanaf Jerusalem na Jerigo toe.
Dit was 'n onherbergsame pad. Voor hom was daar iemand, 'n onbekende op pad, maar rowers het hom aangeval, kaal uitgetrek en stukkend geslaan en vir dood laat lê. Nou lees ons dat daar 'n **priester** verbykom en hom net so laat lê. Daarna kom daar 'n **Leviet** verby wat hom ook so laat lê. Daarna kom daar 'n **Samaritaan** verby, die Jode het nie die Samaritane hoog geag nie, inteendel hulle is maar as honde behandel. Die Samaritaan voel egter innig jammer vir die man. Hy laai hom toe op sy donkie en neem hom na 'n herberg en betaal al sy onkostes totdat hy herstel het. **Dit is goedhartigheid**. Nie die kerkmense nie, nie die priester en leviet nie, maar 'n vreemde man doen goed, is goedhartig.

So lees ons ook van Dorkas in Hand 9;36. Sy was 'n gelowige vrou en ons lees sy het net **goed gedoen** teenoor ander en was **goedhartig**. Sy het **goeie goed** vir ander mense gedoen, klere gemaak en kos gemaak.

God wil hê dat alle mense goedhartig moet wees. Dit moet ons doen omdat God ons eerste liefgehad het. Ons lees in die gedeelte van die Barmhartige Samaritaan ook die opsomming van die wet wat oor liefde handel. "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself!" Hierdie liefde word in jou goedhartigheid uitgebeeld. Daarom die vrae:

- Is jy goed vir alle mense om jou, gelowiges en ongelowiges?
- Doen jy goed vir alle mense om jou?

God is dié voorbeeld van goedhartigheid.

Toe Adam en Eva gesondig het, het God in sy **goedheid** vir hulle velklere gemaak, 'n verbond met hulle opgerig en 'n belofte gegee van die Verlosser.

- **Jesus Christus** is God se **goedhartigheid** aan ons as mense.
    - Jesus Christus het ten volle vir al ons sondes betaal.
    - Hy het aan ons net goed gedoen, al is dit soms deur swaarkry heen.
    - Nog steeds het God se **goedhartigheid** nie daar gestop nie.
- **God het die Heilige Gees gestuur sodat Hy ons Vertrooster, ons Heiligmaker kan wees.**
    - Die Heilige Gees wat elke dag by ons is en in ons woon.
    - Die Heilige Gees werk ook in ons om **goedhartigheid** te bewerk.

<u>God wil hê dat ons goed moet wees teenoor alle mense en volke en nasies en tale.</u>

- **Goedheid** is om die blye evangelie met almal te deel.
- **Goedheid** is om mense te versorg waar daar nood.
- **Goedheid** is om vir ander mense tot voordeel daar te wees.
- **Goedheid** is om nie na jouself en jou eie belange te kyk nie, maar om na ander mense en hulle belange te kyk en goedhartig teenoor hulle te wees.

Amen (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)